

**19 April**

**Genade onbeskryflik groot**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 2: 10-18**

**Fokusgedeelte: Hebreërs 2:18**

Die vorige twee dagstukkies wys duidelik hoe elkeen van ons aan versoeking onderworpe is – jy is nie te belangrik nie, jou kerklidmaatskap weerhou jou nie daarvan nie. Dit is waarom ons soos Paulus uitroep: *Ek, ellendige mens, wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos?* (Rom 7:24).

Maar bo ons ellende in sonde staan God in sy genade. Hy wil ons nie in verlorenheid los nie (vs 10). Hy laat Jesus só een met ons word dat Hy ons selfs sy broers noem (vs 11). Hy word mens soos ons (vs 14) om ons van ons sonde te verlos (vs 17). Hy is net soos ons versoek, en daarom het Hy vir my begrip in al my versoeking. Deurdat Hy die volle draagwydte van ons versoeking ken, kan Hy met begrip en medelye ons help, help deurdat Hy my sonde in versoeking in my plek aan die kruishout gedra het.

Versoeking in ons lewe. Hoe hopeloos staan ons nie daarin nie! Die geweldige liefde van ons hemelse Vader is egter baie groter as versoeking en ons sonde. Daarom word sy Seun, Jesus, mens soos ons, ken Hy versoeking soos ons, maar anders as ons het Hy dit deurstaan (4:15). Daarom: Ek gee toe; ek val! Ek voel so ellendig, wil ek uitroep! Maar soos my Broer met uitgespreide arms daar aan die kruis gehang het, so steek Hy arms na my uit, sluit my in en die sonde vanweë versoeking uit – vir altyd uit sodat ek nie in die ewige dood kom nie (vs 14).

*Sing: Skrifberyming 5-4:2, 3*

*Ds. Lourens Aucamp (Emeritus)*